

11 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 74
Fokusgedeelte: Psalm 74:20-23

Die helder sterrewagte van u verbond

Dit gaan nie goed met die volk van die Here nie. Dit lyk of die Here sy eiendom verstoot het. Het Hy dan sy verbond met hulle vergeet?

Daar is verbystering by die digter oor die verwoesting wat die vyand in die heiligdom aangerig het. Dit lyk soos wanneer iemand met 'n byl 'n bos skoongekapt het. Hy kla dat die Here Hom nie meer aan hulle openbaar nie en dat daar oral verdrukking is.

Die kerk van die Here leef ook nog in 'n gebroke wêreld vol twis, vervolging en verdrukking. Die kerk is juis dikwels die hulpelose en die verdrukte. Hulle het net God om op te vertrou. Maar dikwels lyk dit of God nie wil ingryp nie, dat Hy hulle verstoot het. Hy gee sy kerk oor aan vernedering – dit word van buite en van binne afgebreek.

Maar ons mag soos die digter bid dat die Here aan sy verbond dink. In Jesus Christus is die nuwe verbond met ons gesluit waarin al die weldade van Jesus Christus aan ons toegesê is. In Hom vind ons heil en troue liefde. In Hom weet ons dat niks ons van God se liefde sal skei nie – geen verandering of vernietiging of dreiging nie.

Al lewe die kerk dikwels te midde van gevare en bedreiging, mag ons bly sing: "Ons is omring deur skrik en duisterheid: uit donker plekke loer die onheilsmagte. Maar bo ons skyn die helder sterrewagte van u verbond, waarop ons voor U pleit" (Beryming 74:15).

Sing: Psalm 74:1,2,15

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)